View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Crossref

# SATAN EN SY MAGTE IN DIE NUWE TESTAMENT — BESONDERLIK TEENOOR DIE HEILIGE GEES

J C COETZEE


## ABSTRACT

**Satan and his powers in the New Testament — especially as opposed to the Holy Spirit**

Growing tendencies towards "Satanism" on the one hand and extremes of "demon exorcism" on the other hand has in this century led to intensified theological reactions as to the reality of Satan and his demons.

This article does not intend to be polemic. Notice has been taken of various theological viewpoints. However, the intent is to carefully and exegetically listen to the testimonies of New Testament Scriptures themselves with regard to:

1. the personal existence and work of Satan and his demons, known under various names;
2. the centrality of belief in the existence of Satan and his powers in their anti-God, anti-Christ works;
3. the interrelation of the existence and the works of Satan (and his powers) with that of the Holy Spirit.


## 1. Oriënterend

"Slaag daarin om jou vyand te laat glo dat jy as sy vyand nie bestaan nie — en jy het die oorlog klaar gewen."

Dit is 'n oeroue miltêre waarheid.

Die omgekeerde is ewe waar: "begin van jou kant glo dat jou vyand nie regtig bestaan nie, en jy het 99% seker die oorlog klaar verloor."

Die bestaan van Satan as duiwelse **persoon** is in die jongste jare skerp in diskussie, vanaf 'n groeiende **geloof in** die duiwel, Satanisme, tot teologiese pogings om die werklike bestaan van Satan en sy magte te misken. 'n Derde weg is natuurlik oop, en dit is om erns te maak met die getuienis van die Nuwe Testament aangaande die duiwel en sy magte, in die geloof dat volgens Gods Woord die duiwel bestaan, en dit wel as die groot teenstander van God en sy kerk.

Hierdie artikel is nie bedoel om polemies van aard te wees of disput uit te lok nie. Die aanhalings hieronder wil daarom slegs illustreer hoe ver teoloë uiteen kan gaan in hulle evaluering van die Skrifgetuienis rondom Satan, om daarna teties die Nuwe-Testamentiese gegewens self

aan die orde te stel. Toespitsing op Satan versus die Heilige Gees word gemaak.

**Aanhalings**

(a) T W Manson[1] verklaar: "Over against the Kingdom of God stands the kingdom of Satan; and between the two kingdoms there is war ... In the life of Jesus ... the conflict between the Kingdom of God and the kingdom of Satan (is) brought to a decisive issue."

(b) C T Chapman[2] sê: "The life and teaching of Jesus is to be seen and only properly understood against the background of the great conflict between the Kingdom of God and that of Satan."

(c) J A Loader[3] stel kategories: "Die een ding wat duiwelaanbidders en duiweluitdrywers gemeen het, is dat albei groepe aan die duiwel glo. Die antwoord wat ons aan albei groepe moet gee, is **dat daar nie so 'n ding soos die duiwel is nie**" (Beklemtoning van J.C.C. Maar dit is wel die openingswoorde van die artikel — J.C.C.) Volgens Loader het ons nóg in die Ou Testament nóg in die Nuwe Testament te doen met 'n werklike en persoonlike geskape en gevalle duiwel wat "soms die Satan ('teenstander')" heet. Dit is slegs 'n simbool. Maar: "Moderne mense het nie meer sulke simbole nodig nie. Ons leef in 'n ander wêreld en ons kan dieselfde grondgedagte aanvaar sonder die argaïese verpakking waarin dit voorkom."

(d) A G van Aarde[4] werk sterk met die teenstelling "glo **teen** die bose" (aanvaard) of "glo **in** die bose" (afgewese). Van Aarde[5] verklaar: "Die mens wat in die Newtoniaanse natuurwetenskaplike paradigma hom in sy omgang met die bose **slegs** met die rasionele vraag na die bose se reële en objektiewe persoonsbestaan besig hou, kan die Nuwe Testament se boodskap in hierdie verband nie reg begryp nie." "... Metafories gesien, is die bose soos gate in Switserse kaas. Die mag van die bose kan nie ontken word nie. Dit is egter nie iets onties op sigself nie ... Toegepas kom hierdie metafoor daarop neer dat **die bose manifesteer as die mens** wat onvolmaak nie as **ware** mens van God en voor God bestaan nie."

**Basiese vrae** wat vervolgens aan die orde kom, sluit in:

(a) Wil God in sy Woord dat ons die duiwel en sy demone as realiteite sien of is dit 'n simboliese of mitologiese manier van sê wanneer in die Skrifte van die duiwel en sy demone gepraat word?

(b) Hoe verteenwoordigend is "duiwel-demone"-uitsprake in die *Nuwe-Testamentiese* Geskrifte? Is dit net die "teologie" van een of twee Nuwe-Testamentiese skrywers of is dit 'n deurlopende getuienis van die geïnspireerde Nuwe-Testamentiese skrywers?

(c) Hoeveel duiwels is daar?

(d) Lê die geloof dat daar werklik 'n duiwel en demone is op die periferie van ons Christelike geloof?

## 2. Hipoteses

2.1 Die Nuwe Testament verkondig bo twyfel dat die duiwel en sy demone persoonlik en onties bestaan.

2.2 Die Nuwe Testament getuig duidelik dat 'n kind van God, 'n ware gelowige, **nie** mag glo **in** of **aan** die duiwel nie. Satanisme word by die wortel afgesny.

2.3 Die Nuwe Testament getuig ewe duidelik dat 'n kind van God, 'n ware gelowige, moet glo **dat daar** 'n duiwel is en **dat** hy as volgelinge en magte demone het.

2.4 Jesus Christus as persoon in sy Messiaanse werkinge, en besonderlik die Heilige Gees in sy persoonlike werkinge word so direk parallelisties en/of antiteties-parallelisties teenoor die persoon van die duiwel, Satan, en sy demone gestel, en dit verspreid oor en by die kernmomente van die Nuwe-Testamentiese heilsopenbaring, dat bevraagtekening van of miskenning van die reële bestaan van die duiwel as persoon en sy demone, onmiskenbaar die reële bestaan van Christus en besonderlik van die Heilige Gees betwisbaar maak.

## 3. Een duiwel, baie demone[6)]

Dit moet as baie jammer aangeteken word dat die 1983-Afrikaanse Vertalers daarvoor gekies het, wetend of waarskynlik onbedoeld, om in lyn met die 1933/53-Afrikaanse Vertalers/Hersieners die Griekse woorde *daimonion/daimon* en *daimonia* met "duiwel" en "duiwels" te vertaal, net soos wat *diabolos* met "duiwel" en *diaboloi* met "duiwels" vertaal is.

Dit kontinueer, en bevestig, 'n dekadelange valse beeld by die Afri-

kaanse gelowige. Vir hierdie vertalingsfout (soos hierna aangetoon sal word) moet die 1933-vertalers, die 1953-hersieners en die 1983-vertalers egter nie as primêre fouteerders verwyt word nie. Die Nederlandse "Statenvertaling", gekontroleer aan 'n uitgawe van 1868, het reeds hierdie vertalingsfout begaan. Ander Dietse vertalings word nie nou in ag geneem nie aangesien dit 'n bekende aanvaarde feit is dat die "Statenvertaling" by die 1933/1953-vertaling sterk as 'n sekere basis meegespreek het. Dit moet egter vermeld word dat opvallend genoeg die Latynse Vulgata die onderskeidende vertaling van *diabolos* en *diamonia* gehandhaaf het!

Die feit bly staan dat die vertaling van die Griekse *diabolos* met "duiwel" en die Griekse *daimonion* of *daimon* en *daimonia* óók met "duiwel" en "duiwels" semanties onverantwoordbaar is, en inderdaad ook dogmatiese en veral praktiese geloofsimplikasies het.

Ons sal in 'n volgende punt kom by die prinsipiële vrae na "geloof **in** die duiwel" óf "geloof **aan** die duiwel" óf "geloof **dat** die duiwel werklik bestaan".

Nou gaan dit nog net om die vraag van een duiwel of meerdere duiwels.

Geloof aan die bestaan en werking van allerhande soorte duiwels, soos onder andere "die rookduiwel", "die drankduiwel", "die dobbelduiwel" het ingrypende gevolge vir die persoonlike geloofslewe en vir kerklike praktyke.

Terminologies, volgens die Griekse teks *(UBS 3)*, is daar **geen grond** om te dink aan meer as een duiwel nie. Ook die gedagte van "**duiwel**besetenheid" en "**duiwel**uitdrywing" verteenwoordig 'n ernstige vertalingsfout wat nie vanuit die Griekse grondteks verantwoord kan word nie.

**Daar is net een duiwel!** Hy is "die duiwel", *ho diabolos,* genaamd "Satan", *ho satanas* (Die betekenis van hierdie name, en ander benaminge vir hom word later bespreek). Die Griekse *diabolos* kom, op drie uitsonderings na, in die Nuwe Testament nooit in die meervoud voor nie. Hierdie drie uitsonderings verwys egter nie na "bo-aardse" of "geestelike" wesens nie, maar juis na **mense** wat in die gemeente kwaadsprekers, verdeeldheidmakers (vergelyk die betekenis van *diabolos* hieronder) is. Met verwysing na 'n bose geestelike wese word *diabolos* egter konsekwent in die enkelvoud gebruik. In die Griekse grondteks word absoluut konsekwent onderskei tussen die een en enigste *ho diabolos (ho satanas)* en die menigtes van *ta daimonia,* die **demone** wat sy volgelinge is.

In die Nuwe Testament is daarom konsekwent sprake van "demone-besetenheid", en **nóóit** (op een na) van duiwelbesetenheid nie

– na die **enigste** uitsondering sal net hierna verwys word. Die Griekse woorde wat deurlopend aan die orde is, is: *daimonizesthai* (om van 'n demoon of van demone besete te wees); *daimonion* en (een maal) *daimōn* en (miskien) *daimoniōdēs* (een maal in Jak. 3:15).

Die **enigste** uitsondering op die reël blyk juis die reël te bevestig: In twee Evangelies, Lukas 22:3 en Johannes 13:27, lees ons dat *"(ho) Satanas"* self in iemand gevaar het. En dit was in Judas Iskariot, die verraaier van ons Here Jesus Christus self. Hierdie **een** keer "verwerdig" die Satan hom om in eie persoon in Judas te vaar, want nóú moet Jesus, die Seun van God, aan die vloekhout sterf!

## 4. 'n Oorsig oor benaminge vir die duiwel en sy demone[7]

### 4.1 Primêre benaminge vir die duiwel

Die algemeenste benaminge is vanselfsprekend *ho diabolos*, die duiwel, en *(ho) Satanas*, (die) Satan.

Hier moet opgemerk word dat in die gebruik van hierdie twee benaminge deur die Nuwe-Testamentiese skrywers die diakronies-etimologiese semantiese element meermale kennelik aanwesig is. Dit kan uit die aard van die artikel ongelukkig net baie kortliks gemotiveer word.

Hierdie geskape, aan God ondergeskikte (enige dualistiese tweegodendom sny die Nuwe Testament deurlopend by die wortel af) wese heet *ho diabolos*. As selfstandige naamwoord is dit 'n samestelling van *dia* plus *ballō*. "'hy wat dinge uitmekaar werp', 'hy wat uitmekaar dryf wat by mekaar hoort', 'die verbreker', 'die ophitser', 'die rewolusionêr'!"[8]

Dit staan bo twyfel vas dat *diabolos,* as 'n tegniese term vir die duiwel, dikwels sonder sodanige etimologiese verwysingsraamwerk in die Nuwe Testament gebruik word. Die besondere wyse waarop sowel Matteus as Lukas ten opsigte van die versoekinge van Jesus na die duiwel verwys is egter heel opvallend. Mattheus gebruik "die verleier" een keer, dan drie keer (in die versoekinge self) *ho diabolos* en eindig met *ho satanas* (vgl. hieroor die volgende paragraaf). Lukas praat net van *ho diabolos,* en wel vier maal.

Beide skrywers (Matt. 3:13–4:11; Luk. 3:21–22; 4:1–13) teken die versoekinge as 'n omvattende poging van *ho diabolos* om 'n wig in te dryf, eerstens tussen die Seun van God en sy Vader, pas nadat die Vader Hom vanuit die hemel as "my geliefde Seun" aangedui het; en tweedens tussen die Messias en sy volk pas nadat Hy sy Messiaanse Verlosserskap met sy doop aanvaar het, en daartoe gesalf is met die Heilige Gees.

Hy is ook *satanas,* wat naby aan 'n eie naam vir die duiwel kom. As

Hebreeuse leenwoord beteken dit "teëstander" of "aanklaer." Hierdie betekenis is duidelik aanwesig in byvoorbeeld Matt. 4:10 en 16:23. Die unieke verbinding van *satanas* met *ho katēgōr,* die aanklaer, in Op. 12:9—10 is ook besonder insiggewend.

## 4.2 Ander karakteriserende benaminge

Die duiwel as persoonlike wese word in die Nuwe Testament met nog 'n verskeidenheid ander benaminge aangedui — benaminge wat soms tipies is van en soms geheel eie is aan 'n bepaalde skrywer.

Die benaming *Beëzeboul* is eksklusief beperk tot die Sinoptiese Evangelies en daarbinne nog weer tot die godslasteringe van die Fariseërs dat Jesus demone uitdryf deur *Beëzeboul,* die owerste van die demone (Hierop word in punt 6 teruggekom). *Beliar* (of *Belial*) is 'n *hapax legomenon* in die Nuwe Testament wat net by Paulus in 2 Kor. 6:15 in direkte teenstelling met Christus voorkom.[9]

*Ho ponēros,* die Bose, is in die Onse Vader (Matt. 6:13, et par.), in die hoëpriesterlike gebed van Jesus (Joh. 17:15) en die gelykenisse van Die Saaier (Matt. 13:19) en Die Onkruid (Matt. 13:38—39) duidelik 'n benaming vir Satan self, en is veral tipies van I Johannes.[10]

Terwyl Jesus Christus en Hy alleen God se *basileus* is, het Satan wederregtelik as teëstander van God geweldige heersersmag bekom. Dit word deur verskillende Nuwe-Testamentiese skrywers verkondig met die benaming *archōn,* "vors" of "owerste", wat nader gekwalifiseer word met verskillende genitiefverbindings. Die Sinoptici noem hom *ho archōn tōn daimoniōn,* "die owerste van die demone" (Matt. 12:24; Mark. 3:22; Luk. 11:15); Johannes noem hom *ho archōn tou kosmou toutou,* "die owerste van hierdie wêreld" (Joh. 12:31; 14:30; 16:11 — hierop word in punt 6.3 terug gekom), en Paulus verwys na hom as *ho archōn tēs eksousias tou aeros,* "die owerste van die mag van die lug." Paulus gebruik ook 'n variasie *ho theos tou aiōnos toutou* — "die god van hierdie eeu" (2 Kor. 4:4).

Dit moet as baie jammer aangeteken word dat die 1983 AV *archōn* as benaming vir Satan in die Sinoptiese Evangelies met "aanvoerder", in Johannes met "owerste" en by Paulus met "vors" vertaal het. Hersiening hiervan is beslis gewens. Al wil die vertaling nie konkordant wees nie, is beter korrelasie in die geval van so 'n belangrike titel vir Satan beslis gewens.

Op. 12:9 verbind die duiwel direk aan die sondeval wanneer die skrywer die apokaliptiese benaming vir die duiwel *ho drakōn ho megas,* "die groot draak", identifiseer as *ho ophis ho archaios,* "die ou slang." Dieselfde doen die evangelie volgens Johannes wanneer Jesus in Joh.

8:44 die duiwel (vergelyk 8:44a) die naam gee van *anthrōpoktonos ap' archēs,* "die mensemoordenaar-van-die-begin-af." Hóé Satan dan die mensemoordenaar-van-die-begin-af is verklaar Johannes onmiddellik wanneer Jesus vervolg met nog 'n benaming vir hom: hy is *pseustēs kai ho patēr autou,* "die leuenaar" en "die vader van die leuen" (Joh. 8:44).

Mattheus en Paulus gebruik nog 'n benaming wat sterk hierby aansluit, te wete *ho peirazōn,* "die versoeker" (Matt. 4:3; I Tess. 3:5) terwyl die skrywer van Openbaring basies dieselfde uitdruk deur hom *ho planōn* "die verleier", te noem (Op. 12:9; 20:10). Ironies, hy wat versoek en verlei, was ook, tot met Christus se triomf, met sataniese genot by Gods troon *ho katēgōr,* "die aanklaer" van die sondaars gewees (Op. 12:10).[11] In en deur die triomferende Christus het hy dié aanspraak en daarmee dié naam egter vir ewig verloor.[12]

### 4.3 Benaminge vir die demone

Hier word baie kursories aangestip onder welke verskeidenheid benaminge na die demone verwys word.

(a) *daimonion (daimonia)* "demoon (demone)" — die oorwegende benaming.

(b) *daimōn*, "demoon" — 'n *hapax legomenon*, in Matt. 8:31.

(c) *(to) pneuma akatharton ((ta) pneumata akatharta),* "onreine gees(te)" — onder andere Mark. 3:30; Mark. 5:2; Matt. 10:1, Luk. 8:29.

(d) *(to) pneuma ponēron (ta) pneumata ponēra),* "bose gees (geeste)" — onder andere Luk. 7:21; 8:2; Hand. 19:12—16.

(e) *pneumatika tēs ponērias* — "geeste van boosheid" — Ef. 6:12.

(f) *pneuma(ta) planōn(na),* "dwalende gees (geeste)" — onder andere 1 Tim. 4:1 waar die uitdrukking onmiddellik epeksegeties met *daimonia* opgevolg word.

(g) *(to) pneuma tes planes,* "gees van dwaling" — 1 Joh. 4:6 (vergelyk punt 6.3.5 hieronder).

(h) *pneumata daimoniōn,* "geeste van demone" — Op. 16:14, 'n direkte parallel vir *pneumata akatharta* in vers dertien.

(i) **Versamelbenaminge** kry ons besonderlik in Ef. 6:12. **Vergelyking** met baie nou parallelle uitsprake in Ef. 1:21 en Kol. 1:16 is hier insiggewend:

| Efesiërs 1:21 | Kolossense 1:16 | Efesiërs 6:12 |
|---|---|---|
| huperanō pasēs **archēs** kai *eksousias* kai dunameōs kai KURIOTETOS kai pantos onomatos onamazomenou ou monon en tōi aiōni toutoi alloi kai en tōi mellonti | ta panta en tois ouranois kai epitēs gēs, ta horata kai aorata, eite thronoi eite KURIOTETES eite **archai** eite *eksousiai.* | pros tas **archas**, prostas *eksousias,* pros ***ta pneumatika tēs ponerias en tois epouraniois***. |

Die vergelykende tabelle toon duidelik — soos die konteks ook — dat, by alle formele en selfs terminologiese ooreenkomste (bv. *archai* en *eksousiai*) Efesiërs 1:21 en Kolossense 1:16 neutraal-algemeen ingestel is, en Efesiërs 6:12 eksplisiet-afgrensend op die demoniese magte gerig is.

5. **Hoe verspreid oor die Nuwe Testament lê prediking aangaande die duiwel?**

(a) Is die idee van "die duiwel" en van "demoniese magte" beperk tot 'n "teologiese sienswyse" van net enkele Nuwe-Testamentiese skrywers?

(b) Is die idee van "die duiwel" as't ware die "stokperdjie" van net een of enkele Nuwe-Testamentiese skrywers?

(c) Het die "teologieë" van verskillende Bybelskrywers, wat behels óf "geloof **in** die duiwel" óf "geloof **aan** die duiwel" óf "geloof **dat** daar wel 'n duiwel is al dan nie" hulle prediking van Gods Woord beïnvloed, en wel op so 'n wyse dat hulle mekaar hieroor moontlik of waarskynlik of definitief weerspreek?

Hierdie vrae word nou getoets deur te ondersoek hoe verteenwoor-

digend en verspreid prediking aangaande die duiwel in die boeke van en by die verskillende skrywers van die Nuwe Testament is.

En dan is dit belangrik om die baie opvallende feit te konstateer dat die duiwel, met sy demone, asook die werklikheid van sy bestaan, nie maar geïsoleerd hier en daar in die Nuwe Testament aangetref word nie, maar oor die hele Nuwe Testament en inderdaad by al die outeurs aanwesig is.

Ter bewysvoering en illustrasie van hierdie stelling volg 'n tabel waarin net die gebruik van twee benaminge, naamlik *ho diabolos* en *ho satanas* aangedui word.[13] Daarna volg 'n kort oorsig oor die voorkoms van ander benaminge vir Satan en benaminge vir sy demone.

| | *HO DIABOLOS* | *HO SATANAS* |
|---|---|---|
| Matteus: | 9 | 3 |
| Markus: | — | 5 |
| Lukas-Handelinge: | 5 + 2 | 5 + 2 |
| Paulus: *[1] | — | 5 |
| Efesiërs-Kolossense: | 2 | 2 |
| I en II Tessalonisense: | 2 | 2 |
| Pastorale briewe: | 6 | 2 |
| Hebreërs: | 1 | — |
| Jakobus: | 1 | — |
| I en II Petrus: | 1 | — |
| Judas: | 1 | — |
| Johannes: *[2] | 3 | 1 |
| I, II, III Johannes: | 4 | — |
| Openbaring: | 5 | 8 |

Bostaande tabelle toon met toetsing aan dat alreeds slegs die twee algemeenste name vir die duiwel die eenstemmige getuienis van die Nuwe-Testamentiese boeke oor die werklikheid van die bestaan van die duiwel en sy magte lewer.

Die minste wat dus objektief-krities bevind kan en moet word is dat die skrywers van die Nuwe Testament eenstemmig getuig, en dat dus die vroegste kerk ook vanselfsprekend, eenstemmig geglo het dat daar

*[1] Die skrywer aanvaar die Pauliniese outeurskap van al dertien briewe op sy naam. Ter wille van die argument word die omstrede boeke egter apart aangedui.

*[2] Die skrywer aanvaar die Johannese outeurskap van die Evangelie, die drie Briewe en Openbaring. Ter wille van die argument word hulle egter apart aangedui.

werklik 'n duiwel (met sy demone magte) bestaan en aktief werksaam is as teenstander(s) van God en sy kerk.

## 6. Op die periferie, of in die sentrum van die evangelie van Jesus Christus?

### 6.1 Mag tussen periferie en sentrum (sentra) onderskei word?

In sy kort artikel oor *katēgōr* en verwantes verklaar Friedrich Büchsel: "In der eigentlicher Heilslehre des NT bleibt die Teufelvorstellung nur peripher".[14]

Dit is nie sonder meer duidelik of Büchsel hierdie stelling betrek het op die "Teufelvorstellung" van die Nuwe Testament in die geheel nie, en of sy "die" in sy stelling beperk is tot die *katēgōr*-voorstelling van die duiwel nie. Eersgenoemde skyn egter die geval te wees.

Daarmee is die skerp punt van die vraagstelling van hierdie artikel gestel. Dit is nie genoeg dat ons kennis neem van hoe baie of selfs hoe wyd verspreid in die Nuwe-Testamentiese geskrifte oor die duiwel gepraat word nie. Die **wesenlike vraag** is op die ou einde: **lê die saak op die periferie of in die sentrum van die evangelie?**

Ter kort illustrasie: In die Bybel, veral in die Ou Testament kom **baie** geslagsregisters voor. Weinig teoloë en gewone gelowiges sou hulle egter anders as op die periferie van die boodskap van God aan die mens plaas — 'n legitieme uitsondering in die Nuwe Testament sou sekerlik Jesus se geslagsregister in Matteus 1 wees!

En baie kort gestel ten opsigte van **periferie** en **sentrum (sentra)** van die evangelie: Elke denkende gelowige sal sonder meer toegee dat geen medegelowige verlore sal gaan omdat hy nie weet, of dadelik kan sê wie die oorgrootvader van Abraham was nie! Aan die anderkant: elke Skrifgelowige kind van God sal erken dat niemand gered kan word tensy hy Jesus Christus as enigste Saligmaker bely, en wel as Hy wat aan die kruis vir ons sondes betaal het en wat met sy opstaan uit die ewige vloekdood na drie dae die ewige dood en die Satansgreep op ons sondaars oorwin het nie. Laasgenoemde lê in die sentrum en is deel, nee hoofsaak van saligmakende geloof. Eersgenoemde val binne die geïnspireerde Godsopenbaring maar eksplisiete kennis daarvan is **nie nodig** as weg tot ewige saligheid nie.

### 6.2 Die duiwel pertinent (of: prominent?) by sentrale oomblikke in die werk van die Messias

6.2.1 **By die doop en salwing as Messias**. Onmiddellik by die aan-

vang van Jesus se Messiaanse werk word Hy heel eerste met die duiwel gekonfronteer. Al drie sinoptici is eenstemmig in hulle getuienis dat die versoekinge van Jesus deur die duiwel die heel eerste en onmiddellik opvolgende gebeurtenis was, nadat Jesus vrywillig sy Messiaanse taak aanvaar het deur Hom te laat doop met die *baptisma metanoias eis aphesin hamartiōn* en die salwing as Messias met die Heilige Gees (Mark. 1:9—13; Matt. 3:13—4:11; Luk. 3:21—22 en 4:1—13. Vergelyk ook punt 6.3.1 hieronder).

6.2.2 **By die eerste openbaring deur Jesus van sy komende lyde, sterwe en opstanding — Matteus 16:13—23 (et. par.)** 'n Duidelike wendingpunt in Jesus se openbare optrede is te vinde in Matteus 16:13—23 en Markus 8:27—33 wanneer Hy sy dissipels alleen neem en onderrig. Hy begin deur hulle as't ware te dwing tot 'n werklike verantwoorde belydenis dat Hy inderdaad "die Christus, die Seun van die lewende God" is (Matt. 16:16 en wisselvorme in Mark. 8:29, Luk. 9:20 en Joh. 6:70).

Dit bring ook 'n radikale wending in die inhoud van sy prediking: van nou af openbaar Jesus vir die eerste keer (en daarna herhalend) dat "Hy na Jerusalem moet gaan en veel ... moet ly, en gedood en op die derde dag opgewek word" (Matt. 16:21; Mark. 8:31 en Luk. 9:22). Lukas vermeld ook hierdie openbaringswoord van Jesus, maar dit is Markus en Matteus wat uitdruklik stel dat die Messiaanse *lydensweg* tot verheerliking deur Jesus nóú eers geopenbaar word — Markus praat van *"kai ērksato didaskein autous"* (8:31). Matteus stel dit nog sterker: *"apo tote ērksato ..."* (16:21).

Laasgenoemde twee evangeliste beskryf die gevolge van Petrus se belydenis en die nuutopenbaring van Jesus na Petrus se radikale verset. Verset teen Christus se lydensweg sál nie, en mag nie deur God toegelaat word nie!

Jesus identifiseer nou met hierdie selfde Petrus wanneer Hy verklaar dat sy belydenis kom van "my Vader wat in die hemele is" (Matt. 16:17), en dat hierdie teenstand teen sy kruisweg van **die Satan** is (Matt. 16:23).[15]

6.2.3 **Rondom die kruisiging.** Duiwelse ironie spreek uit die kruisiging van Jesus. Heel aan die begin van die Messias se ampswerk wou Satan Hom verlei om die kruispad vry te spring in ruil vir 'n vinnige verkryging van die 'koninkryke', deur Satan 'n oomblik te aanbid. Wanneer dit, ook vir Satan, duidelik blyk dat Jesus, die Messias, onverbiddelik (in Satan se oog) en wonderlik gehoorsaam (in God se oog) die kruisweg sál gaan — wil hierdie selfde Satan Jesus nóú aan die kruis hê

sodat hy in sy vloekdood oor Hom kan triomfeer.

Vergelyk die slotdeel van punt 3 hierbo waar aangetoon is dat die Nuwe Testament net één en unieke geleentheid verhaal waar Satan self in eie persoon — en nie deur van sy demone nie — in 'n mens gevaar het.

Wanneer Satan — en dit is hier belangrik — besef dat hy die Messias nie van sy kruispad kan keer nie, gaan hyself doelgerig die weg van die kruis. Nou **moet** die Messias aan die **vloekhout** sterf as vervloekte van God en dus verloorder van die kosmiese en aardse stryd tussen hulle wees.

Daarvoor — so getuig die Skrifte — gaan Satan op hierdie finale krisispunt tussen die ewige enige God en sy geskape teëstander so ver om eenmaal self en persoonlik in 'n mens te vaar — in Judas, soos Lukas 22:3 en Johannes 13:27 uitdruklik getuig.

Rondom kruisiging en die duiwel se betrokkenheid is die "owerste van hierdie wêreld"-uitsprake in Johannes 12:31 en 14:30 belangrik (vgl. punt 6.3.3).

6.2.4 **Rondom die opstanding.** Dit moet erken word dat in direkte Skrifuitsprake die aanwesigheid en aktiewe werking van die duiwel hier nie so sterk na vore tree nie.

Tog bevat veral die Efesiër- en Kolossensebriewe wesenlike uitsprake wat besonderlik die kosmiese betekenis van die Here Jesus se opstanding uit die ewige dood uitdruk

Hiervan is veral Efesiërs 1:19—21 en Kol. 1:15—19 verteenwoordigend. Vergelyking van dié sterk parallelle uitsprake met Efesiërs 6:10 e.v., wat duidelik op die demoniese magte toegespits is, blyk insiggewend te wees — vergelyk punt 4.3(a) hierbo.

Vir ons doeleindes hier is die beslissende saak dat Jesus Christus deur sy oorwinnende opstaan uit die ewige strafdood oor Satan en al sy magte getriomfeer het.

6.2.5 **Rondom die hemelvaart.** In die Skrif vorm die betekenis van opstanding en hemelvaart so 'n integrale eenheid dat onderskeiding hier ook baie moeilik is. Nuwe-Testamentiese getuienis rakende die aktiwiteit van Satan tydens en direk opvolgend aan die oorwinnende Christus se hemelvaart, word veral in Openbaring 12:1—17 beskryf. Vanweë al die hermeneutiese probleme rondom Openbaring word die feit net gestel dat die reële verhouding van die verhoogde Christus en Satan rondom hemelvaart wel in die Nuwe Testament aan die orde kom.

6.2.6 **Rondom wederkoms.** Die uitdruklike spreke van die Nuwe Testament oor die duiwel se besondere betrokkenheid rondom die *parousia*

van die Seun van die mens, Jesus die Christus, vra vir weinig beredenering.

'n Gedeelte van Jesus se Profetiese Rede, wat Hy pas voor sy dood gelewer het, lui volgens Matt. 25:41 so: "... in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele." Op besonder opvallende wyse stel 'n ander Bybelskrywer dit in 'n apokaliptiese tekening van die eindgerig in Openbaring 20:10: "En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp ..."

Die hoogomstrede Openbaring 20:1 – 10 is, ongeag die vraag na 'n pre-millenianistiese, millenianistiese of post-millenianistiese interpretasie, vir ons huidige argument 'n deurslaggewende voorbeeld van Nuwe-Testamentiese getuienis dat Satan self rondom, voor en tydens die wederkoms van Christus, met betrekking tot sy persoonlike bestaan, sy aktiewe teenwoordigheid, sy Godvyandige, kerkbedreigende aanslag sowel as sy finale straf, ernstig opgeneem word.

## 6.3 Die duiwel in pertinente en in skerp direkte teenstelling met die Heilige Gees

Die probleemstelling wat dien as opskrif vir punt 6, naamlik: "Op die periferie of in die sentrum van die Evangelie van Jesus Christus?" wil finaal getoets word aan die Nuwe-Testamentiese getuienis oor die werklike bestaan en werk van die duiwel en van die Heilige Gees.

Die stelling word gemaak dat miskenning van die werklike bestaan van die duiwel 'n onontwykbare krisis oor die werklike bestaan van (besonderlik) die Heilige Gees oproep.

Dit is naamlik opvallend hoe besonder nou en hoe antiteties parallelisties die Nuwe-Testamentiese skrywers die werking van Satan en die werking van die Heilige Gees stel. 'n Viertal illustrasies word kortliks gegee.

6.3.1 **Die versoekinge in die woestyn en verwante plekke**. Die evangelies volgens Matteus en Lukas wat hieroor vry uitvoerig handel, is behalwe vir kleinere verskille, oor die wese van die saak eenstemmig – so ook Markus in sy baie kort weergawe (vergelyk ook punt 4.1 en punt 6.2.1).

God beskik dat sy Messias wat **pas** vrywillig sy Messiasskap aanvaar het en deur die Vader met die Heilige Gees as Messias gesalf is **nou deur dieselfde Gees** die woestyn ingedryf word om deur die **duiwel gekonfronteer** te word met versoekinge wat Hom ontrou aan sy Messiaanse opdrag wil maak.

Dit is nou van radikale eksegetiese belang om raak te sien dat vol-

gens eenstemmige getuienis — weer eens behalwe vir alle kleinere verskille — dit nie die duiwel was wat inisiator was van sy stryd teen die pasgesalfde Messias nie. Die **inisiator** was inderdaad die **Heilige Gees**!

Die Sinoptiese evangeliste druk die Gees se drywing van die pasaanvaarde Messiasskap en pas gesalfde Messias op 'n opvallende intensiferende wyse uit: **Lukas** gebruik *agō* (4:1), dit is "lei"; **Matteus** die versterkte *anagō* (4:1), terwyl **Markus** (byna algemeen aanvaar as die oudste van die Sinoptici) die nog sterker uitdrukking *ekballei*, "uitdryf", gebruik.

Geen moontlike twyfel kan dus, volgens eenstemmige getuienis van (ten minste) die Sinoptici, bestaan dat die Messiaswees van Jesus as Seun van God, direk verbind is met die stryd tussen die duiwel en die Heilige Gees nie.

6.3.2 **Deur wie dryf Jesus demone uit?** (Vergelyk ook punt 4.2 hierbo.) Dit is onmiskenbaar dat demonebesetenheid en Jesus se verlossende uitdrywing van demone 'n sterk beklemtoonde element in die Sinoptiese Evangelies (in mindere mate ook in Handelinge) is.

Wanneer die Joodse skare juis ná 'n demoonuitdrywing deur Jesus verwonderd vra of Hy nie "Die seun van Dawid", die Messias, is nie (Matt. 12:22–23) vind ons die volgende:

Volgens eenstemmige getuienis van die drie Sinoptici (Matt. 12:22–32; Mark. 3:20–30; Luk. 11:14–23) word die strydvraag, deur welke krag Jesus demone (kan) uitdryf, op 'n spits gedryf. Die Fariseërs en Skrifgeleerdes beskuldig Jesus dat Hy die demone uitdryf deur die mag en gesag van "Beëlsebul, die owerste van die demone" (Matt. 12:24; Mark. 3:22; Luk. 11:15) — dit is, deur Satan self. Hiermee word die hele strydvraag in die konteks van een van die mees sentrale Nuwe-Testamentiese motiewe geplaas, naamlik dié van die koninkryk van God.

Jesus antwoord dan ook in dieselfde trant: As Satan sy eie demone uitdryf, veg hy teen Sy eie ryk (Matt. 12:26, et. par.), en kan dit tog nie staande bly nie. En dan kom die beslissende woorde in Matt. 12:28:

> *"ei de en pneumati theou egō ekballō ta daimonia, ara ephthasen eph' humas hē basileia tou theou."*

"Maar as **Ek deur die gees van God** die demone uitdryf, dan het die koninkryk van God (of: die koningsheerskappy van God) in julle midde verskyn."

Hier stel Jesus self die kragtige werking van die Heilige Gees, deur wie Hy demone uitdryf, teenoor Satan se veronderstelde werking. Maar Hy doen dit op só 'n wyse dat die realiteit van Satan en sy demone as

onbetwisde vertrekpunt geld. Terselfdertyd stel Jesus in al drie die betrokke gedeeltes onomwonde God se mag en koningskap óók oor die rebelse Satan en sy demonemagte.

Die intense teenstelling van óf Satan óf die Heilige Gees, word ten slotte deur Jesus skerp onderstreep: wie die kragtige werking van die Heilige Gees by die uitdrywing van die demone van Satan, aan Satan self toeskryf, sondig só gruwelik teen die Heilige Gees dat daar tot in ewigheid geen vergifnis voor sal wees nie (Mark. 3:28—30; Matt. 12:31—32).

Hier is die uitdruklike kontrastering van die werking van Satan en die werking van die Heilige Gees só direk dat miskenning van die bestaan van Satan en sy werking op aarde haas nie anders kan as om logies te dwing tot miskenning van die bestaan van die Heilige Gees en sy werking op aarde nie.

6.3.3 **"Die Parakleet" en "die owerste van hierdie wêreld" — Johannes 12 tot 16.** Johannes 12 tot 16 bied vir ons studie heel unieke en uiters belangrike materiaal.

Oor sowel die motief van *ho parakletos* as van *ho archōn tou kosmou toutou* bestaan daar indringende studies en omvangryke literatuur. Omdat dit geheel buite die skopus van hierdie artikel sou val, word hier nie 'n literatuurbespreking daarvan gegee nie.

Dit is opvallend dat in die evangelie volgens Johannes sowel 'n benaming vir die Heilige Gees as 'n benaming vir Satan voorkom wat nie elders in die Nuwe Testament die geval is nie. Dit is hier soveel opvallender omdat albei benaminge net gebruik word in die heel beperkte stofblok van Jesus se finale uitsprake in Jerusalem en sy Laaste Onderrig. Slegs in Johannes 12 tot 16 lees ons van Satan as "die owerste van hierdie wêreld" (*ho archōn tou kosmou toutou* — 12:31, 14:30; 16:11)[16] en van die Heilige Gees as "die (ander) Trooster/Voorspraak" (*ho (allos)) paraklētos* — 14:16; 14:26, 16:7).

Die gedeelte Joh. 13:23—14:31 vorm 'n besonder opvallende eenheid, saamgeheg deur herhalingspatrone wat 'n sterk antitetiese stelling van die Heilige Gees as *Parakletos* en Satan as *ho archon tou kosmou toutou* aan die lig bring.

**Gedagtepatrone in Joh. 12:23—14:31**

**Sleutel**

1. Die uur is daar! — Stippellyn
2. Ontsteltenis — Enkel vollyn
3. Die owerste van hierdie wêreld en die Parakleet — Dubbel vollyn.

1a. 12:23: "Die uur het gekom ..."
2a. 12:27: "Nou is my siel ontsteld" (*tetaraktai* – Jesus).
3a. 12:31: "Nou is dit die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgewerp word."
2b. 13:21: "... het Hy in sy gees ontsteld geword" (*etarachthē* – Jesus).
1b. 13:31: "Nou is die Seun van die mens verheerlik."
2c. 14:1 "Laat julle hart nie ontsteld wees nie." (*tarassesthō*-dissipels).
3b. 14:16: "... Hy sal julle 'n ander Parakleet gee."
3c. 14:26: "Maar die Parakleet sal ... leer."
2d. 14:27: "Laat julle hart nie ontsteld en bang wees nie" (*tarassthō-dissipels).*
3d. 14:30: *"Want die owerste van die wêreld is aan die kom. Hy het geen mag oor My nie."*

Die omgekeerde parallelisme tussen:

12:31 – die owerste van hierdie wêreld
14:16 – die Parakleet
14:26 – die Parakleet
14:30 – die owerste van hierdie wêreld;

word aanmekaar geheg en des te duideliker deur die vier ontsteltenisuitsprake:

| | |
|---|---|
| 12:27 – Jesus | 14:1 – die dissipels |
| 13:21 – Jesus | 14:27 – die dissipels |

Sou die werklike persoonlike bestaan van "die owerste van hierdie wêreld" onseker gestel of ontken word, kom die werklike persoonlike bestaan van die Heilige Gees as *Paraklētos* onvermydelik in gedrang.

Die kontras en konfrontasie van die *allos paraklētos* en *ho archon tou kosmou toutou* in Joh. 15:18–16:15 word deur S M Lee[17)] in sy doktorale tesis deeglik en oortuigend behandel. Die rol van die "ander Parakleet" as aanklaer en skuldigbewyser van "die owerste van hierdie wêreld" wat *Satanas* en *Kategōr* van die mense by God wou wees, is treffend. Dat die Gees Satan skuldig bewys as die een oor wie oordeel (*krisis, kekritai* – 6:11) gekom het, sluit nou aan by Joh. 12:31 waar die Gees nie eksplisiet genoem word nie.

6.3.4 **"Die leuenaar en die vader daarvan" en "die Gees van die waarheid"** (vergelyk punt 4.2 hierbo). Veral in die Johannese geskrifte

word Satan en die Heilige Gees skerp teenoor mekaar gestel rondom die saak van waarheid en leuen.

Satan is "die leuenaar en die vader daarvan" omdat hy die eerste mensepaar met die leuen verlei het om in sonde te val, en daarom is hy "die mensemoordenaar-van-die begin af" (Joh. 8:44).

Nou verwante benaminge soos "die versoeker" kom by Matteus en Paulus voor, en "die verleier" in Openbaring.

Daarteenoor heet die Heilige Gees — meermale in *direkte* teenstelling: "die Gees van die waarheid." Jesus Christus **is** die Waarheid (o.a. Joh. 14:6 — *egō eimi ... he alētheia ...*).

Die "ander Parakleet" wat Hy in sy plek gestuur het, is "die Gees van die waarheid" (o.a. Joh. 14:17; 15:26; 16:13; 1 Joh. 4:6; — *to pneuma tēs alētheias*).

Teenoor Satan se leuenaar-wees wat teruggryp tot by die sondeval, is die Heilige Gees se *alētheia* besonderlik gerig op die *'emet*, die lieflike verbondstrou en -betroubaarheid van God, hier in Christus deur die Heilige Gees.[18]

Dieselfde getuienis eggo Paulus wanneer hy in 2 Kor. 11:13—14 van die valse apostels wat hulle aanbied as apostels van Christus, sê: "En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig (*ho Satanas metaschematizetai eis aggelos phōtos*). Dieselfde getuienis kry ons wanneer Paulus in Rom. 8:15 "die gees van slawerny om weer te vrees" kontrasteer met die Gees wat ons ontvang het: "die Gees van aanneming tot kinders deur wie ons roep: Abba, Vader!"

## 7. Finale gevolgtrekking

Al vier hipoteses gestel onder punt 2 blyk, wanneer ons die wetenskaplike gegewens van die Nuwe-Testamentiese geskrifte in eie reg ernstig opneem, bevestig te wees.

## NOTAS

1. T W Manson, *The teaching of Jesus. Studies in its form and content*, Cambridge 1959, 235.
2. C T Chapman, *The conflict of the kingdoms. The Christian message of salvation, its history and significance*, London 1951, 45. Vergelyk ook Herman Ridderbos, *De komst van het koninkrijk. Jezus' prediking volgens de Synoptische Evangeliën*. Kampen 1950, 69—72; G E Ladd, *A Theology of the New Testament*, Grand Rapids 1974, 48—53.
3. J A Loader, "Liefs na die duiwel met ou Niek", *Die Beeld*, Johannesburg, 04.12.1984.

4. A G van Aarde, "Demonologie in die Nuwe-Testamentiese tydvak", *Hervormde Teologiese Studies,* Jrg. 42.3, 1986, 547–563.
5. Van Aarde, *a.w.,* 562, 563. Vergelyk ook R Bultmann, *Theologie des Neuen Testaments,* [4]1961, 268, en besonderlik op Johannes toegespits: "Ist für Johannes der Teufel eine Realität im mythischen Sinne? Das ist zum mindesten sehr zweifelhaft", 369.
6. Vergelyk Ladd, *a.w.* 49–53.
7. Aangesien hierdie artikel primêr bedoel is as 'n ondersoek na die direkte Nuwe-Testamentiese gegewens, word geraadpleegde woordeboeke en ander sekondêre bronne nie genoteer nie, tensy dit 'n wesenlike element uitdruk of teenspreek.
8. J C Coetzee, "Satan, die sataniese magte en die sonde", in: *Die koninkryk van God,* red. S du Toit, 1969, 77.
9. Dat Beliar (of Belial) in die Nuwe Testament 'n *hapax legomenon* is, is besonder opvallend omdat juis dié naam in die Qumran geskrifte die algemeenste benoeming vir Satan is – vergelyk Ladd, *a.w.,* 49–50.
10. Vergelyk G Harder, *Poneros,* in TWNT *VI,* Stuttgart, 1959, 558–559.
11. Hoewel *katēgōr* in die Nuwe Testament 'n *hapax legomenon* as benaming vir die duiwel is, is dit as leenwoord veelal deur die rabbyne gebruik – vergelyk F Büchsel, *katēgōr,* in TWNT III, Stuttgart 1938, 637.
12. Vergelyk C van der Waal, *Openbaring van Jesus Christus II. Verklaring,* Oudkarspel 1981, 236–237.
13. Die tabelle is gegrond op die gegewens vervat in A Schmoller, *Handkonkordanz zum Griechischen Neuen Testament* (Text nach Nestle) [7]1953 Stuttgart.
14. Büchsel, *a.w.,* 637.
15. Eksegetiese vrae of dit hier gaan om Satan self wat Petrus gebruik, of dat Petrus hier soos Satan self optree, of dat Petrus hier as 'n *satanas,* 'n teëstander in die wye sin van die woord aangedui word, kan nie hier beredeneer word nie.
16. Vergelyk J C Coetzee, "Christ and the prince of this world in the Gospel and the Epistles of St. John" in: *The Christ of John. Essays on the Christology of the Fourth Gospel. Proceedings of the fourth meeting of "Die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika",* Potchefstroom 1971, 104–121.
17. S M Lee, *The Holy Spirit in the Johannine Writings: with special reference to the relation between the Gospel of John and I John* (doktorstesis), PU vir CHO, Potchefstroom 1984, 106.
18. Vergelyk Lee, *a.w.,* 109 en P P A Kotze, *Waarheid in die Johannesevangelie met besondere verwysing na die Verbondsmotief* (doktorstesis), U.P., Pretoria 1975, besonderlik 179–208.